# Is Die Burger ons erns?

**Repliek**

Jannie Rossouw



Jan Hofmeyr het in 1905 oor Afrikaans gevra of dit ons erns is (*"Is 't u ernst?"*). Kort daarna was die reaksie van Gustav Preller oor Afrikaans in 'n reeks artikels in *De Volkstem "Laat't ons toch ernst wezen"* (Laat dit tog ons erns wees).

Nadat ek *Die (vreemde) einde van 'n koerant* deur Barnard Beukman gelees het, weet ek dat die voortbestaan van *Beeld, City Press, Die Burger* (Oos-Kaap), *Daily Sun, Rapport* en *Volksblad* nie die erns van die eienaars, Media24 en Naspers, was nie. Nietemin moet ons ernstig hieroor nadink en oor die gevolge van die sluiting van hierdie koerante in gedrukte formaat.

> **Nou is die wêreld eers deurmekaar weens die koerante wat gesluit het.**

As laaste redakteur van *Beeld,* was Beukman midde-in die storm wat losgebars het ná die skokaankondiging dat die koerante van voorstoepe en winkelrakke gaan verdwyn. Hierdie storm wat Beukman beskryf, was 'n onwaardige einde vir die twee eens trotse Afrikaanse koerante.

Daar word vertel dat die woorde "met dik vingers hanteer" in die Presidensie van mnr PW Botha gebruik is wanneer 'n kabinetsminister ernstig onbevoeg opgetree het. Beukman gebruik dieselfde woorde vir Media24 en Naspers se hantering van die aankondiging en proses wat tot die tot sluiting van die koerante gelei (dalk in hierdie geval *gely*) het.

Beukman se boek kan met vrug deur bestuurskole gebruik word om vir studente te toon hoeveel skade swak beplanning, kommunikasie en bestuur regtig doen. Dit herinner aan die ou Engelse uitdrukking *"Do not blame management, they are not responsible".*

Ek het dikwels gewonder of die koerantsluitings doelbewus met dik vingers hanteer is as deel van 'n plan om meer aandag op die proses te fokus, eerder as op die skok dat die koerante gaan sluit. Nadat ek Beukman se boek gelees het, het alle illusies oor so 'n plan verdwyn.

Die bestuur van Media24 en Naspers het eenvoudig met dik vingers opgetree. Die boek maak dit immers duidelik dat selfs die redakteurs van *Beeld* en *Rapport* in 'n Moneyweb-berig die eerste keer gelees het dat die koerante in gedrukte formaat gaan sluit.

In die geskiedenis van Naspers kan *Die Burger* (aanvanklik *De Burger*) as die "wortels" beskou word. Die koerante wat gesluit het, was spruite uit hierdie wortels.

Naspers het *Beeld* met groot teenkanting in die noorde van Suid-Afrika gevestig. Op daardie tydstip was *Hoofstad, Oggendblad, Transvaler* en *Vaderland* gevestigde Afrikaanse noordelike dagblaaie.

Baie is reeds geskryf oor hoekom *Beeld* uiteindelik al koerant was wat oorleef het. Hoewel ek destyds op 'n deeltydse basis vir *Hoofstad* 'n weeklikse rubriek oor die ekonomie, finansies en die JSE geskryf het, het ek steeds *Beeld* gelees. Ek het gedink dit is 'n beter koerant.

Die mark het ook besluit *Beeld* is 'n beter koerant, wat gegroei het ten koste van die ander Afrikaanse koerante. Uiteindelik het *Hoofstad, Oggendblad, Transvaler* en *Vaderland* van die toneel verdwyn.

Nou het *Beeld* ook van die toneel verdwyn. Die koerant was nie 'n swak produk nie, maar die eienaars het belangstelling verloor. Die gevolg is dat die noorde van Suid-Afrika nie 'n kwaliteit- Afrikaanse koerant het nie.

Media24 en Naspers kon ander en beter besluite geneem. *Beeld* kon byvoorbeeld in PDF-formaat voortbestaan, met slegs die gedrukte uitgawe wat verdwyn.

Voorts was Media24 en Naspers se kommunikasie met al die belanghebbendes (personeel, lesers, aandeelhouers en so meer) onprofessioneel. Die onverkwiklike gevoel is dat niemand by Media24 of Naspers regtig oor die reaksie op hul besluit omgegee het nie.

Dit laat my met kommer as ek wonder hoe veilig die wortels is wat in *Die Burger* gevestig is.

*Die Burger* is 'n ou Kaapse instelling. Daar word immers vertel dat 'n ouderling een aand tydens 'n biduur gebid het: "Liewe Here, soos u vanoggend in *Die Burger* sou gelees het, is die wêreld maar deurmekaar."

Nou is die wêreld eers deurmekaar weens die koerante wat gesluit het. Die spruite is afgesaag, maar hoe veilig is die wortels? Media24 en Naspers het met hul optrede reeds getoon dat slegs winsgewendheid 'n rol speel. Sentiment tel glad nie.

Die georganiseerde Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap moet op 'n pro-aktiewe wyse met die bestuur van Media24 en Naspers oor die toekoms van *Die Burger* in gesprek tree. Die alternatief is dat ons eendag in 'n Moneyweb-berig gaan lees dat *Die Burger* sy deure gaan sluit.

**Rossouw is 'n ere-professor by Wits Besigheidskool en ekonoom van Altitude Wealth.*